Psa 27:8 Van U sê my hart: **Soek my aangesig!** Ek soek u aangesig, o HERE!

'n Praktiese gids oor hoe om vir 'n halfuur uur te waak en te bid

1. Soek Sy aangesig deur Sy Naam aan te roep (5 min)

Jahwe, U is die bron van alle standvastigheid en bemoediging (Rom.15:5), Vader U is die God van medelye, 'n genadige God (Eks.34:6), U is El-Shaddai (die Algenoegsame; die Almagtige) (Gen.17:1), U is Jahwe-Jire (Die Here wat voorsien) (Gen.22:14),U is Jahwe-Rofeka (die Here wat (my) gesondmaak) (Eks.15:26), Jahwe-Shalom (die Here wat rus/vrede gee) (Ps.35:27), U is die Here van die hele wêreld (Mig.4:13) . Vader ek loof U wat so groot en heerlik is.

Jesus Christus, is die weg, die waarheid en die lewe (Joh.14:6),U is die krag en die wysheid van God (1 Kor.1:24), U is die Lam in die middel van die troon (Op.7:17), die Lam wat geslag is (Op.5:12), die hoop van God se heerlikheid (Kol. 1:26); Here Jesus ek eer U en loof U.

Heilige Gees U is die Gees van vrymaking, insig, raad en sterkte, kennis en eerbied vir die Here (Jes.11:2), U is die Gees van heiligheid, liefde, waarheid, krag, selfbeheersing , wysheid en openbaring van die kennis van God, die Gees van heerlikheid. U is die Gees wat gemeenskap stig en mense oortuig van sonde, waarheid en dat die mag van die bose gebreek is. U eer en aanbid ek.
Drie Enige God aan U kom toe al die lof, eer, dank en aanbidding.

Lees Efesiërs 1: 14-23 asook Efes 3: 14-22 Paulus se gebede **rustig deur** en bid dit (hardop) soos hieronder aangepas. *Here ons God, en die Vader van ons Here Jesus Christus, U aan wie die heerlikheid behoort, gee deur U Gees aan ons wysheid en openbaar U so aan ons dat ons U werklik kan ken. 18Ek bid dat U ons geestesoë so verhelder dat ons kan weet watter hoop U roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat U vir die gelowiges bestem het, 19en hoe geweldig groot U krag is wat U uitoefen in ons wat glo. Ons weet dat dit dieselfde kragtige werking van U mag is 20wat U uitgeoefen het toe U Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan U regterhand laat sit het: 21hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom. 22Ja, aan Jesus het U o God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. 23Ons Sy kerk wat Sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.*

Efes 3: 14-22 *14 Ek kniel in gebed voor U Vader, U 15aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. 16Ek bid dat U deur U Gees uit die rykdom van U heerlikheid aan ons die krag sal gee om innerlik sterk te word, 17dat Christus deur die geloof in ons harte sal woon en dat ons gemeente in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. 18Ek bid dat ons in staat mag wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. 19Mag ons gemeente U liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag ons heeltemal vervul word met die volheid van God. 20Aan U wat deur U krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, 21aan U kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.*

2. Soek Sy aangesig deur vir persoonlike herlewing te bid (5 min)

Vra jouself die volgende vrae:
Is daar onbelyde sonde in my lewe?
Het ek onvergewensgesindheid en bitterheid in my lewe?
Is daar enige twyfelagtige praktyke of aktiwiteite in my lewe?
Gehoorsaam ek die Heilige Gees dadelik in alle dinge?
Bely ek Jesus onbeskaamd?

Bely jou sonde en vra die Here om die boesemsondes in jou lewe finaal te breek.

3. Soek Sy aangesig namens ongeredde familie, vriende of individue (5 min)

1._____2. _____
3._____4. _____
5._____

Skryf die name neer (indien jy dit nog nie gedoen het nie). Bid vir hulle redding, dat die Here hulle sal seën (geestelik, sosiaal en emosioneel), en bid vir hulle fisieke behoeftes. Bid ook vir jou onmiddelike omgewing waar jy bly en vra dat die Here al die Christene wat lou geword het in hulle geloof weer tot bekering sal vernuwe.

4. Soek Sy aangesig sodat Sy heerlikheid deur die kerk sigbaar sal word (5 min).

1. Ons bid vir ons ***gemeente***
   - Ons dank die Here vir die afgelope Ester Konferensie en die seën wat Hy daarop laat rus het. Ons dank die Here vir elke vrou wat megehelp het om Ester Konferensie moontlik te kon maak. Ons bid dat die Here meer Esters sal oprig en Gideons wat vir hulle gesinne, huwelike en land in die bres sal gaan staan.
   - Ons vra dat die Here duidelik sal lei in ons verdure beplanning rakende ons gemeente se
     a. ***geestelike groei*** (watter temas in die prediking behandel moet word, watter temas in ons selgroepe hanteer meot word asook die inligting wat saam met alles moet gaan)
     b. ***uitwendige groei (*** hoe ons inderdaad dissipels sal kan wees in die UAE sodat hierdie land bereik kan word met die evangelie van Jesus Christus. Hoe moet die strategie wees wat ons as gemeente moet volg om ander tot bekering te help lei, veral die SAkaners wat afgedwaal het)
     c. ***verhoudingsgroei (*** om net sterker in ons verhoudings te kan groei en meer kleingroepe (insluitende gebed, sel en Bybelstudie groepe te vestig)
     d. ***aanbiddingsgroei (*** om net meer en meer soos Jesus te word in elke faset van ons lewe)

2. ***Gebedsbediening:***

- Ons dank die Here vir die L.I.G. – Huis bediening wat so goed gevestig het en ons bid dat die Here ons 'n Lewend In Gebed (L.I.G. – Huis) gemeente sal maak en hou. Ons vra dat die Here bidders sal opwek om Sy Koninkryk hier in die UAE deur gebed te help groei
- Ons bid dat ons gebedsendelinge sal wees en ons bid vir ons sendelinge (Gerrit in Malawi en Charl in Morokko) vir die sendingwerk wat hulle onder die Moslems doen.
- Ons vra ook dat die Here deur ons gemeente 'n 24/7 gebedsfokus sal vestig en dat ander gemeentes by ons sal aansluit sodat daar uiteidelik elke dag 'n gemeente of gemeentes sal wees wat deel uit maak van 'n 24 uur van gebed 7 dae 'n week vir elke dag van die jaar in die UAE. Ons dank die Here vir die nagenoeg 100 bidders wat aan vandag se 24 uur deel.
- Ons bid vir meer gebedsgroepe wat gereelde weeklikse gebedsbyeenkomste hou van 19:00 – 21:00 eenmaal per week. Ons dank die Here vir die bestaande gebedsgroepe wat gereeld op Woensdagaande byeenkom

3. Ons bid vir ***ons gemeente se toerusting en jeug***

- dat ons 'n liefde sal ontwikkel om God se Woord daagliks te lees en dat ons geestelik sal verdiep. Ons bid vir die toerusting in ons gemeente. Ons vra
- ***dat ons gemeente jeug sal groei*** en dat die Here ons genoegsame onderwysers sal gee om ons kinders toe te rus en ouers wat hulle kinders se opleiding sal ondersteun deur self by die kerk betrokke te bly.Ons bid ook dat die Here duidelik sal lei oor hoe ons die jeug van ons gemeente die beste kan lei en bedien. Omdat ons 4 bedieningspunte het en daar nog meer kan bykom is daar miskien 'n behoefte aan 'n oorkoepelende Jeug Koördineerder. Kom ons vra die here om ons dudielik te lei.
- dat ***die jeugkamp van eerskomende naweek onder die Here se sorg sal wees.*** Ons vra dat ons kinders aangeraak sal word, dat hulle geestelik sal groei en in hulle verhouding met Jesus sal verdiep. Ons bid vir elke volwasse wat die kamp meemaak om ons kinders te help en te bedien.
- dat ons verskillende Bybelstudie geleenthede (selgroepe, Bybelskool, Vroue Bybelstudie) sal groei in getalle en elkeen liefde vir die Woord sal ontwikkel.
- dat die Here die prediking op Vrydae en Sondae ryklik sal seën

4. Ons bid vir die ***uitbreiding van ons selgroepe*** en vra
   - dat die Here die leiers sal gee wat ons selgroepe moet lei asook die harte van mense sal oopmaak om by selgroepe betrokke te raak. Ons vra
   - dat die Here ons selgroepe sal gebruik as 'n evangelisasie middel om ander in te trek wat aan die kant staan of afvallig geraak het.
5. Ons bid dat ons ***meer en meer soos Jesus sal word in ons liefde*** en die vrug van die Gees in Gal 5:22. (lees dit na en bid dit vir ons gemeente)

6. Ons bid dat ***God se Eer die fokus*** van ons lewe sal word, wees en bly. Ons wil met ons lewe die eer van God soek in alles wat doen

7. Ons bid vir al ons ***ander gemeentes in die UAE en die kerk wêreldwyd***

- Dat gemeentes herstel sal word as huise van gebed vir al die nasies (Jes.56:7; Matt.21:13)

- Dat gemeentes die Groot Opdrag sal uitvoer – om die Evangelie aan alle nasies te bring (Matt.28:18-20)
- Dat gemeentes die Groot Gebod sal uitleef – dat hulle na hul gemeenskap op relevante wyse sal uitreik met dade wat getuig van liefde en meegevoel (Matt.22:37-40)
- Dat die Kerk Woord-getrou sal wees
- Vir die herstel van verhoudings binne gemeentes en ook tussen plaaslike gemeentes: verdeeldheid, trots, jaloesie, ens.

5. Soek Sy aangesig vir persoonlike behoeftes (5 min)

1._____
2._____
3._____
4._____
5._____

6. Soek Sy aangesig deur te waak en te luister (5 min)

- Vra dat die Here nuwe dinge aan jou sal bekendmaak, dinge waarvan Hy wil hê jy bewus moet raak en op moet let.
- Vra dat Hy Sy wil en sy planne/strategieë aan jou sal bekendmaak. Vra Hom na die dinge wat op Sy hart is waarvoor Hy wil hê dat jy moet bid. Skryf neer (hou dagboek) wat jy van Hom hoor.
- Sluit af deur vir die volgende persoon wat bid in die volgende halfuur, aan die Here op te dra en te vra dat die Here hom/haar sal seen.
- Dank die Here vir die geleentheid om deel te kon neem aan die 24 uur van gebed.